# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 3 19 Julie 2020

## Openbaring 3:7-13

Die Skrywer van die brief is die Heilige en Waaragtige. In hierdie hoedanigheid het Hy ook 'n sleutel waarmee Hy kan oopmaak en toesluit op so 'n kragtige wyse dat niemand kan oopsluit waar Hy toegesluit het nie, en niemand kan toesluit waar Hy oopgesluit het nie. Met Sy onbeperkte beskikkingsmag dwing Hy seën af oor sy gelowiges. God laat ons weet dat ons veilig is. Niks kan ons skade aandoen nie, want God het self vir ons die goeie oopgesluit.

Dit is eintlik 'n baie besondere prestasie wat hierdie gemeente van Filadelfia behaal as mens daaraan dink dat die Here oor vyf van die sewe gemeentes klagtes het, maar met hierdie gemeente is die Here tevrede. Groot en sterk gemeentes soos Efese het hulle eerste liefde verlaat, terwyl hierdie gemeente die Woord van Christus se lydsaamheid kon bewaar.

Filadelfia is deur keiser Attalus II uit liefde vir sy broer gestig. Die is in 'n grensgebied aangelê en was as't ware die ingang tot die sentrale plato van Klein-Asië. Filadelfia moes barbare uit die omgewing weghou en sorg dat die Griekse taal en kultuur sterk gevestig word. Die stad is in 17nC deur 'n aarbewing verwoes en daar was soveel naskokke dat die meeste van die inwoners uiteindelik buit die stad gewoon het.

Die roem kom nie aan hulle toe asof dit hulle prestasie sou wees nie. God het met die sleutel van sy raad dit oopgesluit dat hierdie klein gemeentetjie dit kon regkry om God se Woord en sy Naam heilig te hou. Die "sleutel van Dawid" is simbool van die feit dat Christus die gesag het om die deur na sy toekomstige koninkryk oop te maa ken mense in te nooi. As die deur eers oop is, kan niemand dit weer toemaak nie, want dan is die verlossing 'n voldonge feit. As die deur egter eers toe is, kan nie dit oopmaak nie, en dan is die oor 'n voldonge feit.

Die Here gee vir hulle 'n oop deur. Dit verwys na 'n bepaalde geleentheid om iets te kan doen. Dit gaan oor die moontlikheid om te kan preek. Dan is dit eintlik logies dat dit ook die deur moet wees wat vir die gemeente van Filadelfia oopgemaak is. Daarom staan daar in die teksgedeelte dat die Here 'n deur vir hulle oopgesluit het, en dat hulle toe getrou bevind is in die bewaring van sy Woord en dat hulle sy Naam nie verloën het nie.

God maak die deur vir ons ook oop sodat ons kan glo en getuig. Al wat Hy vra, is die verantwoordelikheid dat ons dit sal doen. Hy bewaar ons selfs in die stryd om dit te kan doen.

**Verwelkoming**
Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

**Afkondigings**
Belangrike inligting word gedeel.

**Getuienis & Sorg**
Ruimte word geskep waar ons in mekaar se blydskap en leed kan deel.

**Votum & Seëngroet**
'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- Openbaring 3:7b -

**Loflied**
- Heilige Jesus (LB 168) -

**Kinderfase**
Kinders word uitgenooi om ook deel te vorm van die Erediens.

**Skriflesing en Oordenking**
- Openbaring 3:7-13 -

**Wet**
- Jakobus 2:17 -
**Skuldbelydenis**
- God enkel lig (LB 238) -
**Vryspraak**
- Openbaring 3:12 -

**Geloofsbelydenis**
- U goedheid Heer (LB 200) -

**Seën en Amen**
Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
- Fransiskaanse seën -

# Delf dieper

## Byt vas ...

**#Bybelvasvra:**

Watter bekende filmreeks is gebaseer op die gebeure in Openbaring?

Hierdie gedeelte tot die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:


1. Hoe gaan dit met jou?
2. Wanneer het hopeloos gevoel?

### 2) Na God:

1. Lees Openbaring 3:7-13 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
    a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
    b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Is dit maklik om net vas te byt?

### 3) Na mense:

1. Watter COVID-19 maatreëls het jy in die laaste ruk geïgnoreer?
2. Doen: Vind 'n Bybelgedeelte waaraan jy kan vashou en herinner jouself elke dag aan daardie gedeelte.



# Byt vas

## Openbaring 3:7-13

Lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel. As jy miskien sukkel, vra iemand by die huis om jou daarmee te help. Antwoord daarna die volgende vraag:

Wat dink jy moet ons leer wanneer ons hierdie teks lees?

Kom ons kyk...

As jy die opskif gelees het, sal jy weet wat hierdie teks vir ons wil leer. Dit is om vas te byt, maar wat beteken dit? Beteken dit om letterlik aan iets te byt? Nee, natuurlik nie. Dit beteken om aan te hou met iets al raak dinge soms moeilik.

Wat ons hier in die Bybel leer is dat Christene ook soms deur moeilike tye kan en mag gaan, maar dat God wil hê ons moet aanhou lief bly vir Hom.

Het jy al gevoel asof jy deur 'n moeilike tyd gaan?

Wat het gebeur dat jy gevoel het dit was moeilik?

Wat maak jou hartseer?

Al is ons hartjies soms seer, of al raak ons partykeer kwaad oor sekere goed, wil God hê ons moet Hom aanhou dien. Ons weet mos dat God ons altyd sal vashou en beskerm. Ons moenie toelaat dat enige iets ons van God af wegvat nie.

Wanneer ons vers 11 tot 12a in die Kinderbybel lees staan daar die volgende:

*"[11]Ek kom gou na julle toe. Hou vas aan wat julle by My gekry het. Moenie dat iemand julle van geestelike wenners in geestelike verloorders verander nie. [12a]Wie enduit 'n Christen bly, sal beloon word. Hy sal 'n permanente plek in God se huis hê."*

So, ons moet vasbyt en aanhou vir God lief wees, al gaan dit soms sleg met ons. God is altyd by jou en lief vir jou, daarom sal jy eendag die ewige lewe hê. Kan jy onthou hoe ons die ewige lewe gekry het? Dis natuurlik deur Jesus. Kom ons lees Johannes 3:16 –



*"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die*

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 19 Julie** | |
| Cheyenne Beukes | 012 804 4069 |
| Kokkie Botha | 082 453 0914 |
| Tiaan de Wet | |
| Luche Hopley | |
| Pieter Meyer | 012 804 9171 |
| | |
| **Maandag 20 Julie** | |
| Jan Knoetze | 012 804 2771 |
| | |
| **Dinsdag 21 Julie** | |
| Ilisha du Plessis | 082 538 2142 |
| Ertjies Pretorius | 012 804 1048 |
| | |
| **Woensdag 22 Julie** | |
| Willie Barnard | 079 456 8653 |
| | |
| **Donderdag 23 Julie** | |
| Gawie Veldsman | 012 804 6995 |
| | |
| **Vrydag 24 Julie** | |
| Phillip du Preez | 012 804 6367 |
| Yolandi Grobler | 082 447 9270 |
| Frederick Mentz | 012 804 9137 |
| Martin Olckers | 079 783 0612 |
| Marie Vermeulen | 072 765 3364 |
| | |
| **Saterdag 25 Julie** | |
| CW Dorfling | 082 494 8332 |
| Estelle Holtzhausen | 082 960 8241 |
| Elies Jooste | 083 401 6519 |
| Abigail Marais | 083 718 8422 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

**Webtuiste:**
**silvertonkruins.co.za**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**

## Gebedslys


**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Ria Potgieter
Ina Shakelton - Ester Boshoff - Wilma Swanepoel
Maxie Laubcher - Karen Botha - Frans Stone
Johnny Redelinghuys - Terry Schoeman - Minie Erasmus
Elleny Engelbrecht - Mina Van Jaarsveld
Flip Roodt – Tarien Jooste - Bets Greyling
Marquesta Pienaar

**GESONDHEID**
Kathy Belelie - Koos Barkhuizen - Tienie Wessels
Sarie Vermaak - Pop Swart - Delport Gesin - Johan Voster
Salty Du Rand - Lettie Botes - Charmaine Brouwer

**OPERASIES**
Elsa Coetzee - Denise Lombaard - Teresa Meintjies
Antoinette Grundling - Marie Cornelius - Tienie van Tonder
Antonie du Toit

**SWANGERSKAPPE**
Lize En Alexis Kok - Talita En Francois Moller

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie




## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™